
# U KAN MY REINIG!

*Matteus 8; Markus 1; Lukas 5*

Een keer kom 'n man wat melaats is na Jesus toe. Melaatsheid is 'n ongeneeslike velsiekte wat jou hele liggaam aantas. Die man val op sy knieë voor Jesus neer. "Ag, meneer, as u wil, kan u my vel weer gesond maak," smeek hy.

Jesus se hart is vol genade en hy kry die arme man baie jammer. Hy steek sy hand uit en raak aan die man. "Ek wil," sê hy. "Wees gesond!" Dadelik is die man se vel weer mooi glad en gesond!

Die dankbare man kon net nie stilbly oor die wonderlike ding wat gebeur het nie, en sommer gou weet 'n hele klomp mense daarvan. So baie mense wil nou vir Jesus sien en naby hom wees dat hy orals deur 'n skare mense omring word.





Scanned with CamScan